# Inventory of the private collection of

# AM Conroy

# PV689


## Contact us

**Write to:**
Archive for Contemporary Affairs
University of the Free State
P.O. Box 2320
Bloemfontein 9300
South Africa

**Visit us:**
Archive for Contemporary Affairs
Stef Coetzee Building
Room 109
Academic Avenue South
University of the Free State
205 Nelson Mandela Drive
Park West
Bloemfontein

**Telephone:**
+27(0)51 401 2418/2646/2225

**Email:**
arca@ufs.ac.za

## INVENTARIS VAN DIE PRIVATE DOKUMENTEVERSAMELING VAN SEN. A.M. CONROY

### INLEIDING

### 1. TOEGANKLIKHEID

Voorwaardelik.

### 2. CURRICULUM VITAE[1]

Andres Meintjes Conroy is op 27 Oktober 1877 op Hanover gebore.

Tydens die Rebellie van 1914 neem hy as kommandant van die kommando Cradock-Philipstown aan die jag op genl. J.C.G. Kemp in die Kalahari deel; asook aan die inval van die Unie-troepemag in Duitswes-Afrika. Hy bly sy lewe lank 'n geesdriftige ondersteuner van die politieke rigting van genls. Louis Botha en J.C. Smuts en tree in 1910 tot die politiek toe as lid van die eerste Provinsiale Raad van Kaapland. Op 9 Februarie 1917 word hy as kandidaat van die Suid-Afrikaanse Party tot Volksraadslid vir die kiesafdeling Victoria-Wes verkies.

Sy leidende aandeel in die Suid-Afrikaanse Party blyk uit die Herenigingskongresse van 1919 waar hy by die onderhandelinge met verteenwoordigers van die Nasionale Party dikwels as segsman optree. Tydens die Algemene Verkiesing in 1920 word hy deur F.J. du Toit, die kandidaat van die Nasionale Party, verslaan maar hy dien as lid van die Senaat van Oktober 1927 tot Mei 1929 en daarna weer van Januarie 1932 tot Desember 1951.

Vanaf Samesmelting in 1934 dien hy as onderleier van die Verenigde Party in Kaapland en toe A.P.J. Fourie die party in 1939 verlaat, word hy die Kaaplandse leier tot 1949, toe hy om gesondheidsredes as provinsiale leier uittree. Polities staan hy in direkte teenstelling met sy broer, die rebellekommandant, genl. E.A. Conroy (LV vir Hoopstad en Vredefort) wat 'n volgeling van genl. J.B.M. Hertzog bly en in die oorlogsdebat in die Parlement gedurende September 1939 vir neutraliteit stem.

1 Kruger, D.W. (red.) Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek. Deel III. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1977.

Sen. Conroy dien van 6 September 1939 tot 3 Junie 1948 as Minister van Lande en Besproeiing in die Kabinet van Generaal Smuts. As 'n persoon wat 'n hartstogtelike liefde vir die grond het, beskou hy grond en water as simbole van die lewe en beywer hy hom gevolglik as die betrokke minister vir waterbewaring en besproeiing. Hy het selfs 'n visie van een of ander grootse Oranjerivierskema, maar weens 'n tekort in die staatskas kan baie van sy ideale nie verwesenlik word nie. In 1945 lei hy 'n ekspedisie na die Kalahari om prof. E.H.L. Schwarz se teorie dat die Ngamimeer weer gevul kan word, te ondersoek.

Sy heftige aanvalle op die N.G. Kerk se beleid ten opsigte van die Kakamasnedersetting wat selfs op 'n hofsaak uitloop, lei tot ongeregverdigde beskuldigings van sy politieke teenstanders as sou hy die kerk as sodanig aanval. Sy bitsige uitlatings oor die Afrikaner-Broederbond en sogenaamde 'politieke predikante' dra ook by tot die heftigheid van die veldtog teen hom. Sen. Conroy is egter nie 'n ongodsdienstige mens nie en bly 'n getroue lid van die N.G. Kerk.

Hy is die dryfkrag agter die oprigting van Unie-Volkspers Beperk in 1936 (waarvan hy die voorsitter word) en sy dagblad **Die Suiderstem** wat op 8 Oktober 1936 as mondstuk van die Verenigde Party verskyn. Terselfdertyd begin hy ook boeke uitgee en op 10 Oktober 1940 begin hy sy eie tydskrif, **Naweek**. Deur sy ywer word dié maatskappye in so 'n mate uitgebrei dat dit sy eie koerante in drie provinsies en ook in Suidwes-Afrika het, naamlik **Ons Land** (Port Elizabeth), **Die Vrystater** (Bloemfontein), **Vereeniging News** (Vereeniging), **Zoutpansberg Review** (Pietersburg), **The Volksrust Recorder** (Volksrust), **Standerton Advertiser** (Standerton), **Heidelberg News** (Heidelberg) en **Die Suidwes-Afrikaner** (Windhoek). Almal behalwe **Die Suiderstem** en **Ons Land** was bestaande koerante wat oorgeneem is, en op Nigel was 'n depot vir dekking van die Oos-Rand. Met hierdie ondernemings maak Sen. Conroy ook in sy eie geledere vyande: enersyds omdat sy pers 'n duidelike bedreiging vir die tradisionele koerante van sy party inhou, en andersyds omdat sy oogmerke deur sommige van sy kollegas verkeerd begryp word.

In 1947 slaag hy met 'n opspraakwekkende lasteraksie teen Stewart Printing Co. Bpk., drukkers van H. Lindsay Smith se boek, **Behind the press in South Africa**, waarin beweer word dat hy op onbehoorlike wyse geld van Unie-Volkspers Bpk. ontvang het ten opsigte van 'n rolpers wat as deel van 'n omvangryke transaksie teen die nominale bedrag van £1 aan die pers oorgemaak is. In sy opsomming verklaar die Waarnemende Regter-President dat 'n hofuitspraak Sen. Conroy nouliks kan vergoed vir die laster wat so wyd en in so 'n blywende vorm teen hom versprei is.

Hy bring sy laaste jare op sy spogplaas, Koppieskraal, aan die Rietrivier by Koffiekontein deur en sterf op 7 Desember 1951.

Sen. Conroy was getroud met Wilhelmina Louisa Steytler; vier kinders is uit die huwelik gebore.

## 3. ORDENING

Die dokumente is gedurende November 1983 deur mnr. Andrew Conroy aan die Instituut vir Eietydse Geskiedenis geskenk.

Tydens ordening is die dokumente volgens hulle aard in reekse opgeneem; terwyl getrag is om met behulp van voetnote 'n inventaris daar te stel, wat vir die navorser selfverduidelikend sal wees.

Die dokumente verkeer in 'n goeie toestand en beslaan 0,20 meter rakspasie.

## INHOUD


| | | BLADSY |
|---|---|---|
| 1. | Agendas, notules en besluite | 1 |
| 2. | Korrespondensie en telegramme | 2 |
| 3. | Toesprake, verklarings en boodskappe | 3 |
| 4. | Aantekeninge en dagboeke | 4 |
| 5. | Verslae en memoranda | 5 |
| 6. | Inligtingstukke | 6 |
| 7. | Finansiële stukke | 7 |
| BYLAE A | Koerantknipsels | 8 |
| BYLAE B | Publikasies | 9 |
| BYLAE C | Pamflette | 10 |

## INVENTARIS

PV 689

### 1. AGENDAS, NOTULES EN BESLUITE

| VERWYSING | BESKRYWING | TYDPERK[1] |
|---|---|---|
| | **1/1 ALGEMEEN** | |
| 1/1/1 | Besluite | 1946, Nov. |

1 'n Asterisk (*) by die datum dui aan dat die tydperk onvolledig is of dat die lêer ongedateerde stukke bevat.

## 2. KORRESPONDENSIE EN TELEGRAMME

| VERWYSING | BESKRYWING | TYDPERK |
|---|---|---|
| | **2/1 ALGEMEEN** | |
| 2/1/1 | Korrespondensie | 1944, Nov. - 1944, Des. |
| | **2/2 KAKAMAS-NEDERSETTING[2]** | |
| 2/2/1 | Korrespondensie en telegramme | 1941, Febr. - 1941, Des. |
| 2/2/2 | do.[3] | 1942, Jan. - 1942, Des. |
| 2/2/3 | do. | 1943, Mrt. - 1943, Aug. |
| 2/2/4 | do. | 1943, Sept.*- 1943, Des. |
| 2/2/5 | do. | 1944, Jan. - 1944, Febr. |
| 2/2/6 | do. | s.d. |

2 Bevat uiteenlopende inligting aangaande die nedersetting vir Blanke-arbeiders op Kakamas; bv. - besproeiingsaangeleenthede, die aktiwiteite van plaaslike boereverenigings, die regering se oorlogsbeleid en die OB, Kommissies van Ondersoek, die polemiek rondom die aktiwiteite van die Ned. Geref. Kerk van Kakamas, ens. VAnweë die ineenverstrengeling van die inligting, is die korrespondensie as 'n eenheid behou.

3 Bevat ook o.m. koerantknipsels.

## 3. TOESPRAKE, VERKLARINGS EN BOODSKAPPE

| VERWYSING | BESKRYWING | TYDPERK |
|---|---|---|
| | **3/1 ALGEMEEN** | |
| 3/1/1 | Verklaring insake kroongrond | C.1946 |
| | **3/2 KAKAMAS-NEDERSETTING** | |
| 3/2/1 | Toesprake | 1943, Apr.* |
| 3/2/2 | Beëdigde verklarings | 1943, Mei |

## 4. AANTEKENINGE EN DAGBOEKE

| VERWYSING | BESKRYWING | TYDPERK |
|---|---|---|
| | **4/1 ALGEMEEN** | |
| 4/1/1 | Aantekeninge | s.d. |

## 5. VERSLAE EN MEMORANDA

| VERWYSING | BESKRYWING | TYDPERK |
|---|---|---|
| | **5/1 ALGEMEEN** | |
| 5/1/1 | Verslae en memoranda | 1940 -1941* |
| | **5/2 KAKAMAS-NEDERSETTING** | |
| 5/2/1 | Verslae van die Kommissie van Ondersoek na toestande op die arbeidskolonie | 1940, Jul. |
| 5/2/2 | Verslae en memoranda | 1941 - 1943* |

## 6. INLIGTINGSTUKKE

| VERWYSING | BESKRYWING | TYDPERK |
|---|---|---|
| | **6/1 ALGEMEEN** | |
| 6/1/1 | Inligtingstukke[4] | 1943 - 1944* |
| | **6/2 KAKAMAS-NEDERSETTING** | |
| 6/2/1 | Inligtingstukke[5] | C. 1944* |

4 Bevat o.m. inligting rakende die Ossewa-Brandwag.

5 Bevat ook inligting oor die Vaalharts Nedersetting en die Anti-Serwitute groep van die Verenigde Party.

## 7. FINANSIëLE STUKKE

| VERWYSING | BESKRYWING | TYDPERK |
|---|---|---|
| | **7/1 ALGEMEEN** | |
| | **7/2 KAKAMAS-NEDERSETTING** | |
| 7/2/1 | Opgawes | s.d. |

## BYLAE A: KOERANTKNIPSELS

| VERWYSING | BESKRYWING | OPMERKINGS |
|---|---|---|
| | **ALGEMEEN** | |
| Kn. 689/1 | Uittreksels van persberigte, 1946 | |
| | **KAKAMAS-NEDERSETTING[6]** | |
| Kn. 689/2 | Koerantknipsels, 1941 - 1943 | |
| Kn. 689/3 | do., 1946 - 1947* | |

6 Hierdie lêers bevat ook o.m. inligting oor die Nedersettingswet.

# BYLAE B: PUBLIKASIES

| VERWYSING | BESKRYWING | OPMERKINGS |
|---|---|---|
| | **VERHANDELINGE EN PROEFSKRIFTE** | |
| 1 | Rossouw, P.J. Die Arbeidskolonie Kakamas. (MA-verhandeling). Universiteit van Stellenbosch, Junie 1939. | |

## BYLAE C : PAMFLETTE

| VERWYSING | BESKRYWING | OPMERKINGS |
|---|---|---|
| 1 | KAKAMAS Boereverenigings verduidelik hul standpunt. (geen impressum) | |
| 2 | VARDY, R. The land settlement servitudes explained. Pretoria, 1946 | |